# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 333 · 8 MAART 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## HEILA ONTVANG VISEKANSELIERS-TOEKENNING

Heila Oosthuizen het op 21 Februarie 2024 die Visekanseliers-toekenning van professor Wim de Villiers van die Universiteit Stellenbosch ontvang.

Die jaarlikse toekenning word aan die top eerstejaarstudente wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer, toegeken. Die toekenning is gebaseer op Graad 12 akademiese prestasie en word aan die top 10 akademiese leerders van staatskole en top 5 leerders van privaatskole toegeken.



## DYLAN RY WEG MET 2 EERSTE PLEKKE

Dylan Grobler, Gr. 10 het Saterdag, 2 Maart aan die 1ste rondte van die AMCS streek- en klubkampioenskappe by Aldo Scribante Renbaan deelgeneem. Hy het in die Junior CBR 150cc & SSP 300cc motorfiets klasse deelgeneem. Hy het die 2024 seisoen op ń baie hoë noot begin en in al 2 die klasse gewen. Ons is baie trots op hom en sien baie uit na die res van die seisoen.






FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

**KLUB 1000/100**

*barometer*




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

# FRAMESBY-KRIEKET VEE VLOER MET WOODRIDGE

Saterdag, 2 Maart 2024
**Framesby eerste span vs Woodridge** (50 beurte) (w)
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 178 almal uit.
Beste kolwers:
Dewan Wessels 75 (66)
Taine Douw 43 (40)
Hanro van Jaarsveld 21 (32)
Woodridge behaal 47 almal uit.
Beste boulers:
Juan Grigor 10/6 in 7.2 beurte.
Juanré de Vos 13/3 in 6 beurte.
Logan Fleetwood en Miles Feltham neem ook elkeen ñ paaltjie.
Framesby wen met 131 lopies.

**Framesby 2des Vs Woodridge 2des**
Framesby wen die loot en kies om 1ste te boul
Beste boulers
Christo Prinsloo 3/0 na 4 beurte
Waldo van As 3/5 na 3 beurte
Woodridge behaal 44 almal uit na 16.4 beurte
Framesby behaal 48 lopies in 10.3 beurte vir die verlies van 3 paaltjies
Beste kolwers
Danco Erasmus 14(15)
Adriaan Snyders 18(20)
Framesby wen met 7 paaltjies

**Framesby 15A vs Woodridge 15A te Woodridge.** 2 Maart 2024. 50 overs.
Framesby wen loot en kies om eerste te kolf.
Teken 200 almal uit aan in 34 beurte.
Beste kolwers:
- Ruan Matthee 36 (39)
- Corné Matthee 36 (46)

Woodridge teken in hul kolfbeurt 94 aan almal uit.
Beste boulers:
- Le Roux Benn 5-1-9-5
- Kiaan Aylward 4-0-6-3

Framesby 15A wen met 106 lopies.

**Framesby 0/14A vs Woodridge 0/14A**
Framesby 0/14A wen loot en besluit om te boul
Woodridge 0/14 A kry 173 almal uit na 35 beurte
Beste boulers:
Corbin Fleetwood 3 paaltjie vir 10 lopies na 7.1 beurte
Dandre Henwick 2 paaltjies vir 44 lopies na 8 beurte
Framesby 0/14 A kry 150 almal uit na 35.3 beurte
Beste kolwers:
Corbin Fleetwood 62 van 89 balle
Arnu van der Merwe 23 van 50 balle
Woodridge 0/14A wen met 23 lopies



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ONS BEDANK USN EN KLINICARE

Dankie aan die Dale Geyer van USN in samewerking met FOS (Pine Aggenbag) en Klinicare (Keanan Hammond) vir die borgskap van die waterbottels. Ons is opgewonde vir die 2024 rugbyseisoen!








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby se

# SENIOR WISKUNDEDEPARTEMENT



C. LOFTUS



M.  JV RENSBURG



K. DE VILLIERS



N. POTGIETER







E. ITTERSHAGEN-STRAUSS



E. MARAIS






## Het jy geweet?

94 JAAR GESAMENTLIKE ERVARING

PASSIEVOLLE ONDERWYSERS WAT BETROKKE IS BY DIE MERK VAN NSC MATRIEKVRAESTELLE

UITSTEKENDE UITSLAE IN WISKUNDE OLIMPIADES EN KOMPETISIES


GEREELDE TOETSE OM VORDERING TE KONTROLEER



MIDDAG - EN AANDKLASSE AS HULP

KLEIN SENIOR KLASSE

# *Wat sê* ONS LEERDERS?



"Ek sal wiskunde aanraai omdat 'n mens soveel meer met wiskunde kan doen,. As jy eendag besluit om n dokter te word, dan het jy die vlak van wiskunde gedoen daarvoor en sal nie 'n oorbruggingsjaar hoef aan te pak nie.

My gunsteling deel van wiskunde is die feit dat dit my challenge, dit druk my om uit die boks uit te dink, aan verskillende maniere wat ek somme kan aanpak en hulle beantwoord." - Talia Fourie (Graad 12)

"Wiskunde help my om my kritiese denke te versterk en om logies oor probleme te dink. Die identifisering en oplos van probleme kan ek in ander areas van my lewe ook toepas.

My gunsteling deel van hoërskool wiskunde is trig omdat dit lekker verniet punte is as jy oplet in die klas" - Danelise Bloemhoff (Graad 12)

"Ek sal wiskunde aanraai vir mense, want dit leer jou om op nuwe maniere te dink en leer jou probleemoplossingsvaardighede wat jy in die werklikheid kan gebruik."

*Hoërskool Framesby se*

# WISKUNDE GELETTERDHEIDSDEPARTEMENT



**M. SNYDERS**
GR. 10 -12



**D. BARNARD**
GR. 11-12



**A. FERREIRA**
GR. 10- 12





**S. VAN DYK**
GR. 10



**D. BESTER**
GR. 10 -12



## *Het jy geweet?*

**Hulpklasse vir Graad 12s**
**Woensdae 14:30 tot 15:30**



# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ons moet weet dat uitslae op akademiese gebied 'n belangrike maatstaf is en ons eerste en belangrikste prioriteit is, maar ook dat karakterbou 'n kritiese komponent van HS Framesby is.

Ons staan aan die voorpunt van 'n baie besige winterprogram op die gebied van sport en kultuur. Ouers, u moet besef dat ons nie net gefokus is op uitslae(wen teen alle koste) nie. Sport en kultuur moet so beoefen word dat karakterbou na vore kom. Karakterbou begin heel eerste met opvoeding by die huis waarvan die skool later slegs 'n verlengstuk word. Ouers, ons optrede langs ons velde en in kultuursale moet van goeie smaak getuig en as 'n voorbeeld te alle tye dien. Kom ons stel die voorbeeld as voorloper vir karakterbou by die huis.

Ek haal Mnr. Klaus König, skoolhoof van HS Helpmekaar, aan:
"Spogsyfers is vlietend en gou vergete. Ingewikkelde probleemoplossing, kritiese denke, mensebestuur, kreatiwiteit, samewerkingsvermoë, emosionele intelligensie, om 'n gebalanseerde oordeel te fel, standpunt in te neem en besluite te kan neem, diensbaarheid, onderhandelingsvaardighede en kognitiewe buigsaamheid is alles broodnodige vaardighede waaroor jongmense vandag moet beskik. Ons grootste plig is om leerders hiermee toe te rus, want wat help 'n graad as 'n ruggraat ontbreek?"

Ouers, verder lig hy die volgende uit:
"Volgens hom is daar 'n groot gevaar daaraan verbonde om (net) uitsetgedrewe te werk te gaan. Leerders se insette moet geprys en aangemoedig word, nie net hul uitsette nie, anders maak ons 'n generasie groot wat niks sonder kitsbeloning of vergoeding wil aanpak nie. In hierdie opsig speel ouers 'n kardinale rol."

Ek sluit by bogenoemde paragraaf aan as volg: Waar leerders met beurse en groot aanbiedings gelok word na skole, wonder ek al hoe meer of die volgende akademiese instelling, of sy eerste werkgewer hom ook gaan moet koop. Ek wonder watter karakterbou speel hier 'n rol. Ek verstaan waar ouers met skoolhoofde gesels oor finansiële ondersteuning in sekere gevalle, maar ons moet versigtig wees wat ons ons leerders leer. Hiervan pluk ons land alreeds die vrot vrugte op baie gebiede.
Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) VERANDERINGS MET BETREKKING TOT WINTERSKOOL 2024 [GRAAD 11/GRAAD 12]
Ouers, neem kennis dat daar veranderinge met betrekking tot die winterskool-program is. Maak seker dat u die veranderings in u dagboek plaas.

Word aangebied vir alle graad 11 en 12 leerders in die kernvakke, en is verpligtend vir hierdie leerders in die betrokke vakke. Dit is gratis en geskied gedurende die Junie-vakansie.

Tydgleuwe op hierdie dae waarin onderrig sal plaasvind is:
08:00 - 10:00
10:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Die datums is as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Dinsdag 18 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LEWENS-WETENSKAPPE<br><br>GRAAD 11 REKENINGKUNDE | **Woensdag 19 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Donderdag 20 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Vrydag 21 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE<br><br>GRAAD 11 WISKUNDE | **Saterdag 22 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE |
| **Maandag 24 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | **Dinsdag 25 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | | | **Vrydag 28 Junie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | |
| **Maandag 1 Julie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | **Dinsdag 2 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | **Woensdag 3 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | | | |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

B) MATRIEKBAADJIES
Aan die einde van 2023 het ons 111 baadjies bestel wat tot op daardie stadium betaal was. Ongelukkig kon Die Hanger se verskaffer slegs 56 van die baadjies lewer aangesien hulle 'n probleem gehad het om die materiaal te verskaf. Hierdie het veroorsaak dat sommige leerders baadjies ontvang het en ander moes wag.

Daar is nou deur Die Hanger besluit dat al die baadjies herroep gaan word en Dinsdag sal al die leerders wat baadjies bestel het, dit ontvang. Die nuwe baadjie sal 'n effe verskil in die kleur-skakering hê en daarom is besluit om die ander te herroep sodat almal s'n dieselfde lyk. Die baadjie se snit en groottes is verder presies dieselfde.

Leerders wat reeds hul baadjies ontvang het, moet dit Dinsdag terugbring na Die Hanger en al die ander leerders wat bestel het, kan na afloop van die skryfsessie hul baadjie by Die Hanger afhaal.

Ons vra om verskoning vir enige ongerief in hierdie verband en is reeds besig om dinge in plek te sit sodat hierdie probleem nie weer sal opduik nie.

C) 15 MAART 2024
Normale skool vanaf Vrydag 15 Maart 2024. Alle leerders moet teenwoordig wees. Rapporte kan op Woensdag, 20 Maart 2024 tussen 07:00 en 09:00 in skoolsaal afgehaal word.

D) TOETSREEKS MAART 2024 - ALGEMENE REËLINGS

GRAAD 8 – 9:
• Gr. 8 tree by die C-blok aan.
• Gr. 9 tree by A-blok aan.

• EERSTE SESSIE:
• Gr. 8-leerders word 07:30 deur toesighouer na skryflokaal geneem.
• Die skryfsessie begin om 08:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Die leerders verdaag dan en gaan studeer verder by die huis.

• TWEEDE SESSIE:
• Slegs 5 Maart – graad 8 Geskiedenis:
Leerders meld 10:00 by hul skryflokaal aan.
Skryftyd begin 10:30 tot die einde.
• Slegs 11 Maart – graad 9 Geografie:
Leerders meld 10:00 by skryflokaal aan.
Skryftyd begin 10:30 tot die einde.

• Gr. 8's skryf in die volgende lokale:

| 8A | 8B | 8C | 8D | 8E | 8F | 8G | 8H | 8I | 8J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C1 | C2 | C3 | C4 | C5 | C6 | C7 | C8 | B1 | B2 |

• Gr. 9's skryf in die volgende lokale:

| 9A | 9B | 9C | 9D | 9E | 9F | 9G | 9H | 9I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B3 | B4 | B5 | B6 | A1 | A2 | A3 | A4 | A5 |

DIGITALE TEGNOLOGIE:

GRAAD 8: 14 Maart 2024
• Die volgende seksies meld 07:30 by hul skryflokale (C1 – C5) aan en word om 07:45 deur die betrokke toesighouers na die rekenaarlaboratoriums geneem: 8A – 8E
Bogenoemde leerders lê tussen 08:00 en 09:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.
• Die volgende seksies meld ook om 07:30 by hul skryflokale (C6 – B2) aan en sal dan eers 'n verpligte studiesessie van 08:00 – 09:30 hê: 8F – 8J
Bogenoemde leerders lê tussen 09:30 en 11:00 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.

GRAAD 9: 6 Maart 2024
• Die volgende seksies meld 07:30 by hul skryflokale (B3 – A1) aan en word om 07:45 deur die betrokke toesighouers na die rekenaarlaboratoriums geneem:
9A – 9E

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Bogenoemde leerders lê tussen 08:00 en 09:30 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.
• Die volgende seksies meld ook om 07:30 by hul skryflokale (A2 – A5) aan en sal dan eers 'n verpligte studiesessie van 08:00 – 09:30 hê: 9F – 9I
Bogenoemde leerders lê tussen 09:30 en 11:00 hul Digitale Tegnologie prakties en teoretiese eksamenkomponent af en verdaag daarna.

GRAAD 10-11:
• Gr. 10- en 11-leerders tree vir die eerste skryfsessie om 07:30 by hul skryflokale aan.
• Skryftyd begin om 08:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Vir die tweede skryfsessie meld die leerders om 11:30 by hul lokale aan.
• Skryftyd begin om 12:00 en eindig volgens die lengte van die vraestel.
• Leerders wat die tweede sessie ook skryf, kan die skoolterrein verlaat en moet betyds terug wees om 11:30 by hul skryflokaal aan te meld.
• Gr. 10-leerders skryf meestal in K. 2 – 9 en gr.11-leerders in K. 26 – 33 afhangende van die grootte van die groepe.

| 10A | 10B | 10C | 10D | 10E | 10F | 10G | 10H |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K 2 | K 3 | K 4 | K 5 | K 6 | K 7 | K 8 | K 9 |

| 11A | 11B | 11C | 11D | 11E | 11F | 11G | 11H |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K 26 | K 27 | K 28 | K 29 | K 30 | K 31 | K 32 | K 33 |

• Gr.12's skryf in die SAAL/VOORLESINGSLOKAAL.

E) AFWESIGHEID VAN LEERDERS TYDENS MAART-TOETSREEKS
Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die toetsreeks gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die toetsrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die toetsreeks in gedrang bring nie.
Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van die toetsreeks afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak.
Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die toetsreeks plaasvind nie.

F) ATLETIEK/OOS-KAAP KAMPIOENSKAPPE
Finale reëlings is aan alle ouers deurgegee. Dankie vir u samewerking.

G) TOETSREEKSROOSTER – MAART 2024
Finale deel van toetsreeks is aangeheg.

H) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die oorblywende deel van die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

I) KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAM
Aangeheg die kennisgewing.

J) VAKVERANDERINGS GRAAD 10 EN 11
GRAAD 11'S
Leerders mag hierdie kwartaal vakveranderings maak. Die sperdatum waarop alle papierwerk afgehandel moet wees, is 15 Maart. Kontak die graadhoof by: lschelbert@framesby.co.za

GRAAD 10'S
Leerders mag 'n maksimum van 2 veranderings tot aan die einde van kwartaal 2 maak. Veranderings aan die einde van kwartaal 1 sal oorweeg word mits dit in die beste belang van die leerder is. Kontak die graadhoof by: npotgieter@framesby.co.za
Enige aansoek om verandering sal op meriete geskied en in die beste belang van die leerder toegelaat word. Die hele proses word deur die graadhoof, akademiese hoof en die skoolhoof hanteer. Beskikbaarheid van spasie in praktiese vakke word deur die grootte van die huidige groepe bepaal. Sien ook die verwysing na vakveranderings soos in die Jaarbeplanner vervat.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2024 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



# SWEMUITSLAE:

Baie geluk aan Kaitlynne Horne wat vir die OP-Skole swemspan verkies is, wat later die jaar aan die SA Skole byeenkoms te Port Elizabeth gaan deelneem.
Kaitlynne, ons is baie trots op jou!
Sterkte met die voorbereiding.







Ons deel die volgende swem resultate:

Vier van ons swemmers neem deel in die Ocean Series en behaal die volgende posisies.

Carl Andrews 2de in die 400m
Xander Botha 3de in die 1km
Chloe Steyn 1ste in die 2km
Kaitlynne Horne 1ste in die 3km

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY NETBAL IS AAN DIE BRAND!
















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




## NETBAL UITSLAE 2 MAART 2024

| SPAN : TOERNOOI HOëRSKOOL DESPATCH | PUNTE |
|---|---|
| o.14 A Nico Malan | 12-3 Wen |
| Despatch | 16-4 Wen |
| Pearson | 11-4 Wen |
| o.14B Brandwag | 10-1 Wen |
| Pearson | 7-2 Wen |
| Despatch | 19-1 Wen |
| o.14C Brandwag | 10-4 Wen |
| Pearson | 12-4 Wen |
| Despatch | 18-2 Wen |
| o.15 A/B Nico Malan | 6-6 Gelyk |
| Pearson | 7-12 Verloor |
| Brandwag | 9-8 Wen |
| o.15C/D Brandwag C | 6-5 Wen |
| Nico Malan 16B | 6-3 Wen |
| DF Malherbe 16B | 6-4 Wen |
| o.16 A Nico Malan | 20-5 Wen |
| DF Malherbe | 19-2 Wen |
| Pearson o.19C | 17-1 Wen |
| Pearson | 17-9 Wen |
| o.16 B Brandwag | 15-1 Wen |
| Pearson | 20-0 Wen |
| Despatch | 14-1 Wen |
| o.19B Woodridge o.19A | 6-15 Verloor |
| Despatch | 4-11 Verloor |
| Despatch C | 8-4 Wen |
| Collegiate | 6-11 Verloor |
| YOUNG PARK KLUB TOERNOOI | |
| o.17A Sophokama | 5-4 Wen |
| Real Rovers | 12-9 Wen |
| Titans | 19-1 Wen |
| Despatch NC | 11-10 Wen |
| Algoa NC | 8-5 Wen |
| Jaquars | 16-0 Wen |
| Finaal Brandwag en algehele wenners | 12-11 Wen |
| o.19A Moonlight Stars | 11-4 Wen |
| Alex HS | 15-2 Wen |
| EC Premier u.19 | 9-5 Wen |
| Park NC | 10-6 Wen |
| Storm Crackers | 4-8 Verloor |
| Warriors | 14-5 Wen |
| Framesby NC2 | 17-2 Wen |
| Brandwag | 10-6 Wen |
| Framesby NC1 | 10-7 Wen |

# ONS GESELS MET: RIVALDO DU PLESSIS






Rivaldo du Plessis hier!!

Dis altyd lekker om met die Framesby familie te gesels.

Ek het in 2022 gematrikuleer en het die volgende jaar elke oomblik van my tyd by die skool gemis. Dis snaaks, want my tyd op skool wou ek so gou as moontlik klaarmaak om deel te wees van die "grootmenslewe." Al my vriende en herinneringe in klaskamers en pouses wat gemaak was, onderwysers met wie ek oor enige iets kon praat en die skool as 'n geheel is n plek wat ek altyd sal onthou. n Plek waar ek baie oor myself geleer het oor die jare. Die heel beste was definitief die liefde wat ek gevoel het tydens interaksies met ander leerlinge. Daardie gevoel wat ek gekry het as ek iemand se glimlag gesien het na n handdruk of drukkie, sal vir altyd in my hart bly.

Die voorbereiding vir interhuis as deel van die Krit-komitee (beste huis), krieketwedstryde en rugbyoefeninge, en my tyd wat ek deel was van die monitorbestuur, is beslis my hoogtepunte by Hoërskool Framesby. Meneer en Mejuffrou Framesby natuurlik ook.

Ek is in my tweede jaar op Varsity College, besig met my BCOM Business Management-graad en deel van

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

die Sosiale Komitee. Die tye wat ek nie besig is met studies nie, gebruik ek om te oefen. Dit gee my n kans om alles te balanseer en om my kop skoon te kry. My gesondheid is iets wat ek baie ernstig opneem, want ek glo nog altyd as jy goed voel en lyk, gee dit jou die selfvertroue om jou doelwitte te voltooi en om beter te wees as wat jy gister was.

En ja, ek bly nog by my ouers. Ek dink my ma wil nog haar jongste by die huis hou.

Vandag waardeer ek alles wat my ouers vir my doen en hulle is een van die grootste redes hoekom elke dag hard werk om die groot drome wat ek vir myself het, te bereik.
Tot volgende keer.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met n plekkie waar ons kan adverteer.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasies aan jou besigheid om meer voete in die deur te kry.  Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bevorder.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling ontvang.

Dit sal ‘n voorreg wees om u maatskappy te assosieer met die topskool in die Oos-Kaap naamlik Hoërskool Framesby.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

Mariaan Botha *(ouer)*

Karl du Preez *(oudouer)*

Anél Ferreira *(ouer)*

Mornay Heunis

Sonia & Arthur Gunn *(ouers)*

Christiaan Beyers Knoetze *(oudskolier)*

Niel Louw *(ouer)*

Rinaldo Loftie-Eaton *(oudskolier)*

Karen Reyneke (oudskolier)

Petra Gouws *(BL Finansiële-voorsitter)*

Keagan Tait *(oudskolier)*

Wynand Wessels *(ouer)*

Werner Edwin Olivier *(ouer)*

Gerhard Meiring *(oudskolier)*

*Ernst Stapelberg (oudskolier)*

*Masunet Strydom (BL-voorsitter)*

*Dirk Kotze (BL)*

Lynette Stumke *(BL)*

Hugo Maritz *(BL)*

Pienaar Agenbag *(oudskolier en ouer)*

Bernard McDonald *(oudskolier)*

Jacqueline van Heerden *(oudskolier en ouer)*

*Pietie Ferreira (ouer)*

Louis Gerber *(oudskolier)*

Rayno vd Merwe *(ouer)*

*Eugene de Lange (oudouer)*

*Rudi Gerber*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

Vorms beskikbaar op ons webtuiste!

DIE HANGER

**DIE VOLGENDE LEERDERS MOET HUL BESTELLINGS KOM AFHAAL :**

**Naambalkies :**

- Tiaan Dreyer
- Caitlyn Bigge
- John Bigge
- Tristan Brown
- Hannah Anderson
- Jacques de Bruin
- Esmarie du Plessis
- Amoree Castelyn
- Andrecia Fouche
- Sanet Nieman
- Yuane vd Walt
- Pippa Nel
- Nikita Viljoen
- Wian Roberts
- Lexi van Rooyen
- Lonwabo Njokweni
- Marko Le Roux
- Kayden Thoresson
- Tanya Verster
- Jaco Strydom

**Pullovers**

- Ilke Venter
- Macayla Kirton

**Handboeke:**

- Graad 8 : Rhyan Botha
- Graad 8 : Deverisha Floors
- Graad 9 : Rhyan Vaaltyd
- Graad 9: Kyle Strydom
- Graad 11 : LJ Buys
- Graad 11 : Kayla de Coning

**Skoolhemde :**

- Ian Flemming

DIE HANGER

# A4 Bepalings Magneet

HOKKIE, NETBAL EN RUGBY BEPALINGS BESKIKBAAR




R50 elk

# FRAMESBY OUDSKOLIERE FOS

Die Fosse vra graag u ondersteuning om vir die skool 'n skrummasjien te koop. Indien u sou belangstel om 'n bydrae te maak, kontak asseblief vir Pienaar Agenbag 083 261 7090.
U ondersteuning sal waardeer word.

Oud-Framesby XV-spelers het besluit om 'n NPO te stig, om 'n ekstra bydrae te maak tot Framesby rugby. Die NPO - Framesby Rugbyontwikkeling. Die eerste projek is 'n skrummasjien vir die skool. Die koste is so om en by R 75 000. Ons sal waardeer as oudspelers / skoliere en ouers 'n bydrae wil maak tot Framesby se ryke rugbygeskiedenis.

As daar enige vrae is, skakel my gerus op 083 261 7090.
Framesby Rugby Ontwikkeling
Capitec (business account)
105 174 1963
Lopende rekening

Baie dankie Pienaar Agenbag




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# "SAVE THIS DATE"

# Hoogland Koorfees

## DINSDAG, 30 APRIL 2024 @ 18:30

## te NG Kerk PE Hoogland Kerkgebou

**Hoërskool Framesby**
**Westering High School**
**Laerskool Lorraine**

**Laerskool Mount Pleasant**
**Laerskool Newtonpark**
**Laerskool Sunridge**



## Kaartjieverkope open binnekort

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

**NG Kerk PE Hoogland | 1 Isobellaan, Charlo**
**Navrae : Leandra 041 367 1485**

# TOETSREEKSROOSTER: 11-14 MAART 2024 [GRAAD 8 TOT 12]

| Graad | Sessie | 11 Mrt. | 12 Mrt. | 13 Mrt. | 14 Mrt. |
|---|---|---|---|---|---|
| **8** | **1** | **LW<br>35 min** | | WISK<br>60 min | **Dig. Teg. Prakties en Teorie<br>90 min** |
| | **2** | | | | |
| | | | | | |
| **9** | **1** | GESK<br>60 min | | AFR<br>90 min | EBW<br>**60 min** |
| | **2** | GEO<br>55 min | | | |
| | | | | | |
| **10** | **1** | FW<br>2 ure | BS<br>90 min | RTT(CAT)<br>50 min | GESK<br>60 min |
| | **2** | ENG HL<br>90 min<br>ENG FAL<br>60 min | **GEO<br>Kaartwerk<br>60 min** | IGO<br>60 min | DRAMA<br>**MUSIEK<br>60 min** |
| | | | | | |
| **11** | **1** | FW<br>2 ure | LW Pr.<br>30 min<br>(lab x3)<br>LW Toets<br>50 min | TOER<br>**70 min** | IGO<br>90 min |
| | **2** | ENG HL<br>60 min<br>ENG FAL | GEO<br>60 min | KUNS<br>75 min | **GEO<br>Kaartwerk<br>60 min** |
| | | | | | |
| **12** | **1** | WISK<br>75 min<br>WG<br>60 min | AFR<br>60 min | REK<br>**90 min** | BS<br>90 min |
| | **2** | LANDB<br>90 min | MUSIEK<br>90 min<br>KUNS<br>75 min | VBS<br>**75 min** | **GEO<br>Kaartwerk<br>60 min** |

# MAART 2024

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 9<br>**Atletiek:**<br>Oos-Kaap Kampioenskappe<br>(Queenstown)<br>**Rugby:**<br>Kwagga Dag<br>1ste, 2de en A-spanne.<br>Despatch Sportfees<br>3/4de & B/C spanne<br>**Netbal:**<br>Kwagga Dag: 0/14A&B – 0/16A&B, o/17A en 0/19A-spanne<br>Grens Toernooi: 0/14C 0/15C, 0/16C & 0/19B/C - spanne<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en Dogters Despatch Fees<br>OP Hokkieproewe:<br>0/14,0/16,1ste Seuns en 1ste Dogters<br>(Pearson)<br>0.14 Dogters OP-proewe<br>**Gholf**: Port Alfred Ope |

| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Hokkie:** Dogters Spar Challenge (Westering)<br>OP Proewe 0/16 Seuns (Pearson)<br>**Gholf:** Port Alfred Ope | DH: LOF<br>Toetsreeks Gr. 8 – 12 | Toetsreeks Gr. 8 - 12<br>18:00 – 20:00 Laerskole Sportdaggeselligheid | Toetsreeks Gr. 8 – 12 | **Toetsreeks Gr. 8 – 12 eindig**<br>13:30 Skool sluit<br>Laerskole Sportdag<br>**English Debating:**<br>A-league Quarter Finals | Dag 4<br>**15:00 Punte ingevoer op SASAMS**<br>Druk en kontrole van ALL-lyste 17:00<br>**Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14 Dogters Alex Fees<br>0/19A Seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>**Rugby:**<br>11:00 Graeme College Rugbydag (vertrek)<br>14A vs Queens 13:30<br>15A vs Queens 14:30<br>16A vs Queens 15:30<br>(PA: VDF, ASP, MAT)<br>**Slegs leerders wat skool bywoon sal toegelaat word om te speel.** | **Rugby:**<br>Graeme College Rugbydag<br>Framesby 1ste vs Stirling<br>Andrew Rabie Sportfees<br>2/3de & junior B/C spanne<br>**Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14A dogters Alex Fees<br>0/19A seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>2de Dogters Kirkwood Fees<br>**Netbal:**<br>0/17A & 0/19A Kirkwood Fees<br>0/16A & 0/19B Andrew Rabie Toernooi<br>**Tennis:** Derby vs Wembly Club (†)<br>**English Debating:**<br>B-league no. 2 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| **Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14A Alex Fees<br>0/19A Seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>**Bergfiets:** XCO 3 (OL) | Dag 5<br>DH: LOF<br>Kontrole van Dwarsstate<br>**FRUK:** Interhuistoneel<br>Finale vakveranderings: Gr 10 - 11 | Dag 6<br>07:30 Kontrolering van proefrapporte<br>11:00 Druk van Finale rapporte<br>Gr. 12 Wisk klasse<br>18:00 – 20:00<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en 0/16 Dogters Westering Fees<br>**CSV:**<br>18:30 Koffiekroeg (Kultuurlokaal) | **Skole sluit**<br>**07:00 – 08:30**<br>**Uitdeel van rapporte (Skoolsaal)**<br>**Algemene Kantoor sluit om 11:00**<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en 0/16 Dogters Westering Fees<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>A-spanne vertrek 03:00<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | **Menseregtedag**<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>O/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19 A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek:**<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | **Rugby:**<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>**Hokkie:**<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek:**<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Debating:**<br>Alex public speaking and debating tournament<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | **Rugby:**<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 KwaggaToernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek:**<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 24<br>**Rugby:**<br>0/14 KwaggaToernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal**:<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>**Hokkie:**<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad | 25<br>**Rugby:**<br>0/14 KwaggaToernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal**:<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>**Hokkie**:<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad | 26 | 27<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste Rugbyspan vertrek | 28<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste vs Kearsney | 29<br>**Goeie Vrydag**<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Rusdag Framesby 1ste Span<br>**Tweekamp**:<br>SA Kampioenskappe (Bloemfontein) | 30<br>**Rugby**:<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste vs Monument<br>**Tweekamp**:<br>SA Kampioenskappe (Bloemfontein) |
| 31<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Rusdag Framesby 1ste Span | | | | | | |


Lady J's
BRIDAL & GIFTING STUDIO
Matrieks
2024
Vir enige navrae
oor jou Droom Rok
Besoek ons Facebook Blad of
kom loer gerus in
Kontak ons vandag nog op
083 258 7914
083 258 7914
ladyjbridalstudio@gmail.com
Lady j's bridal studio
Shop 23, Sunridge Village Shopping Centre, 48 Kragga Kamma Road
Sunridge, Port Elizabeth
www.ladyjsbridalstudio.co.za